# Die Ligdraer

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**4 Februarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS




**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 68-1:9,15 en Psalm 59-1:1,10
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Skrifberyming 9-2:1-8
**Sing:** Skrifberyming 9-2:9
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 6:8-15 en Handelinge 7:54-60
**Sing:** Skrifberyming 11-3:8,9,10
**Fokus:** Handelinge 7:54-60
**Preek:**



**Tema:**
*Die steniging van Stefanus – die verskil tussen haat en liefde.*

**Gebed**
**Sing:** Lied 334:1,2,3,4
**Diens van barmhartigheid**
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Expando.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 3
11 Februarie: Wyk 4
18 Februarie: Wyk 5



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-11 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort vandag met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/ujs-kddv-hrm

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING**
In Januarie 2023 het die kerke wat in Algemene Sinode in Potchefstroom vergader het, beduidende besluite geneem wat ŉ sekere koers inslaan rakende teologiese opleiding. Hierdie besluite draai om die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA). In Engels: Reformed Theological Academy (RTA).
In ŉ reeks artikels wil die kuratore, die direksie van die GTA met insette van die Rektoraat van die Teologiese Skool inligting aan soveel moontlik lidmate van die kerke in die GKSA deurgee.
WAT NOODSAAK DIE GTA?
Verskillende sienings en gevoelens bestaan by baie oor die totstandkoming van die GTA.
Waar kom die GTA vandaan?
Sedert 2006 het die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA) ŉ ooreenkoms met die Noordwes Universiteit (NWU) gehad ten opsigte van die akademiese opleiding aan studente wat predikant in die GKSA wil word.
Sedert 2015 het die NWU met sekere bepalings van die 2006-Ooreenkoms ongemaklikheid beleef. Hierdie ongemak kom van die kant van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) wat sekere voorskrifte in die vorm van direktiewe aan Universiteite gee. Omdat die staat universiteite befonds, het die staat die sê.
Binne die Wet op Hoër Onderwys (1997) mag Universiteite nie akademiese ooreenkomste met derde partye aangaan, waarin die derde party ŉ sê het oor wat aan studente geleer word (kurrikulum) en wie (dosente) dit aan die studente leer nie.
In 2021 het die NWU aan die GKSA (verteenwoordig deur die kuratore) baie duidelik geskryf: die bepalings in die 2006-Ooreenkoms waarmee die GKSA sy

inset gee oor die kurrikulum en oor watter dosente vir kandidaatstudente (so noem ons die studente wat studeer om predikant in die GKSA te word) onderrig gee, is nie meer aanvaarbaar nie.
Die NWU loop die gevaar dat die RHO hulle lisensie weg mag neem as die bepalings van die 2006-Ooreenkoms in plek bly. Dit beteken dus dat die NWU die alleensê het oor die kurrikulum en die dosente. Die staat skryf aan universiteite voor dat hulle baie sterker moet fokus op inklusiwiteit, diversiteit en Afrikanisering. Dit moet ook duidelik in die kurrikulum en aanwending van dosente na vore kom.
Kan die Fakulteit Teologie by NWU nog sê: ons fokus op Reformatoriese Teologie? Dit mag ’n nis wees, maar na 2026 het ons geen sekerheid meer daaroor nie.
Die kerke wat in Sinode saamkom, het in Januarie 2018 opdragte aan die kuratore gegee (twee van 4 opdragte) om:
2.1.1.1 Die onderhandelinge met die Universiteit in ooreenstemming met die Ooreenkoms en in die lig van die Rapport van die Kuratore en Sinodebesluite hieroor voort te sit.
2.1.1.2 Volgens die regulasies van die Raad vir Hoër Onderwys (CHE) die noodsaak vas te stel van die registrasie van ’n hoër onderwysinstelling. (Handelinge 2023:1005)
Die NWU sê in 2019: geen onderhandelinge, as GKSA, volgens regulasies van die RHO, nie eers ’n Privaat Hoër Onderwysinstelling registreer nie. Die eerste onderhandelinge kon eers in 2021 hervat word, nadat bewys gelewer is van die registrasie van ’n nie-winsgewende maatskappy (by CIPC) bekend as die GTA/RTA. Ja, Covid-19 het ook sy rol hierin gespeel sodat geen gesprekke in 2020 kon plaasvind nie.
Die onderhandeling met NWU sedert 2021 het gelei tot die voorstel van ’n tussentydse ooreenkoms, wat én deur die NWU én die GKSA goedgekeur word. Op die vooraand van Algemene Sinode 2023 het die NWU kennis gegee dat hulle nie die tussentydse ooreenkoms aanvaar nie. Dit was een van die faktore wat gelei het tot die besluite wat Sinode 2023 geneem het.



# Ek Verjaar!





Die volgende lidmate verjaar tot 10 Februarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 4 Februarie | Hettie Grobler | 082 374 4830 |
| 5 Februarie | Sunette van der Walt | 083 411 6800 |
| 6 Februarie | Cherise van Niekerk | 082 719 1031 |
| 10 Februarie | Marietjie Spruew | 084 500 2739 |
| 10 Februarie | Leanne Wolmarans | 082 659 6764 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons lidmate, br. Dries Olivier snr, is Maandag oorlede. Sy troos-diens was Vrydag. Ons innige simpatie aan sy eggenote, sr. Carol Olivier (082 604 9680), en sy seun, br. Dries Olivier jnr (083 937 6544).
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

**GEMEENTE-ETE MET NAGMAAL OP 18 FEBRUARIE:**
Op Sondag 18 Februarie is daar weer 'n gemeente ete na Nagmaal. Wyk 1 (Cindy Mulpeter), Wyk 2 (Wanda Wasmüth) en Wyk 3 (Isa Biewenga) is verantwoordelik vir die gaarmaak van die vleis en nagereg. Dit is R50 per volwassene en R30 vir kinders bo 12 jaar, kleuters eet verniet. Elke gesin moet 'n slaai, eetgerei (uitsluitend nagereg bakkies) bring asook eie drinkgoed.
Die susters moet op 11 Februarie terugvoer gee.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***Ons is wat ons herhaaldelik doen.***
***Perfeksie is derhalwe nie 'n daad nie,***
***maar 'n gewoonte (EN... desgelyks slordigheid).***
***~ Aristoteles 384 - 322 VC ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA